# Bepalings en voorwaardes

1. DEFINISIES

1.1
Die terme “All Venture trading” en “ons” verwys na die eienaar van die sagteware van die maatskappy met die fisiese adres 74 Mitchell Straat, George, 6529, Suid-Afrika en wat ingelyf is as All Venture Trading (PTY) Ltd (Reg no: 2022/271078/07).

1.2
Die terme “jy” en “jou” verwys na die persoon of entiteit wat All Venture Trading-sagteware gebruik het om een of meer akkommodasie-instansies te adverteer of dit op die oomblik adverteer, of enige persoon of entiteit wat dié instansies verteenwoordig, of enige persoon of entiteit wat dié instansies verteenwoordig deur van All Venture Trading gebruik te maak, of enige persoon of entiteit wat hierdie instansies verteenwoordig wat, op enige manier, met All Venture Trading of All Venture Trading-Kliënte kommunikeer.

1.3
“Party” en “partye” verwys na beide “jy” én “ons”, of “jy” óf “ons”.

1.4
Die terme “All Venture Trading-sagteware” of “ons Sagteware” verwys na alle webtuistes of sagteware-toepassings in All Venture Trading se beheer of besit, en alle ander webtuistes of sagtewaretoepassings wat deur die All Venture Trading-stelsel aangedryf word, en alle derdeparty-webtuistes of sagtewaretoepassings wat gebruik maak van die data wat deur All Venture Trading voorsien word, en alle databasisse of lêerstore in All Venture Trading se besit of beheer, en alle sosiale media of blogrekeninge in All Venture Trading se besit en beheer.

1.5
Die term “jou Instansie” verwys na een of meer akkommodasie-instansies wat jy adverteer, in die verlede geadverteer het of in die toekoms op All Venture Trading-sagteware wil adverteer. “Jou Instansie” verwys na die fisiese gebou en/of ligging van jou akkommodasie-instansie, asook sy sakebedrywighede as ’n akkommodasieverskaffer en verwante gasvryheidsdienste.

1.6
Die term “jou Inhoud” verwys na enige inligting oor jou Instansie wat aan All Venture Trading voorsien word. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, foto’s, beskrywings, tariewe en seisoene, kontakinligting, persoonlike inligting, eienskappe, beskikbare inligting en inligting oor die ligging. Dit sluit inligting in wat via ons sagteware, e-pos, of verbaal aan ons voorsien word, en wat ons self met jou toestemming versamel. Dit sluit ook enige inligting oor jou Instansie in wat via derdeparty-beskikbaarheidsagteware aan ons voorsien word.

1.7
Die term “jou Inskrywing” verwys na enige elemente van jou Inhoud en ander verwante materiaal wat jou Instansie gesamentlik op All Venture Trading-sagteware ten toon stel, hetsy in die openbaar of nie.

1.8
Die term “Geregistreerde” of “om Te Registreer” of “die Inskrywing” verwys na die algemene openbare ten toon stelling van jou Inskrywing op All Venture Trading-sagteware.

1.9
Die term “Deregistreer” of “Deregistrasie” verwys na die verwydering van jou Inskrywing vanaf die openbare ten toon stelling op All Venture Trading-sagteware, in geheel of gedeeltelik vanaf sekere plekke in All Venture Trading-sagteware, of vanaf alle plekke in All Venture Trading-sagteware.

1.10
Die term “Kliënt” verwys gesamentlik na die persoon wat, met behulp van All Venture Trading-sagteware, jou Instansie opgespoor het en/of ’n bespreking by jou Instansie gemaak het, asook die gaste namens wie die bespreking gemaak is.

1.11
Die term “Volle Besprekingswaarde” verwys na die volle besprekingswaarde wat deur jou gekwoteer is, of die volle besprekingswaarde wat deur derdeparty-beskikbaarheidsagteware vir ’n spesifieke bespreking terugbesorg is, wat ook al die geval mag wees. “Volle Besprekingswaarde” sluit enige ekstra fooie wat jy hef, soos administrasiefooie, skoonmaakfooie en besprekingsfooie, in. Dit sluit ook enige etes of ander dienste in wat in jou kwotasie as “ingesluit” gespesifiseer is, boodskappe aan die Kliënt, verbale kommunikasie met die Kliënt of ons personeel, of wat in enige van jou Inhoud beskryf is.

1.12
Die term “Kliëntverwagtings” verwys na die Kliënt se verwagting van die gehalte en aard van hul verblyf by jou Instansie, wat hul redelikerwys sou verwag toe hul die bespreking bevestig het. Dié verwagting kan afgelei word van jou Inhoud, kwotasies, boodskappe, e-posse of verbale kommunikasie tussen jou en die Kliënt of jou en ons personeel. Weglating van tersaaklike inligting uit jou Inhoud of uit enige van die bogenoemde kommunikasiemediums kan ook ’n effek op die Kliënt se verwagting hê.

1.13
Die term, “Bevredigende Verblyf” verwys na die Kliënt se verblyf by jou Instansie wat nie beduidend te kort skiet van hul Kliëntverwagtings nie.

1.14
Die term, “Onbevredigende Verblyf (soos gedefinieer in klousule 1.14)” verwys na die Kliënt se verblyf by jou Instansie wat beduidend te kort skiet van hul Kliëntverwagtings.

1.15
Die term “Toepaslike Kansellasiebeleid” in verband met ’n bespreking is die gesaghebbende beskrywing van die terugbetaling wat deur jou aan die kliënt verskuldig is indien hulle kanselleer of hul bespreking by jou Instansie gekanselleer het.

1.16
Enige gebruik van bogenoemde terminologie of ander woorde hetsy in die enkelvoud, meervoud, in hoofletter, hedetyd, verledetyd, toekomstige tyd, en/of hy/sy of hulle, word as uitruilbaar beskou en het dus dieselfde betekenis.

2. jou Inskrywing

2.1
Ons behou die reg voor om die Inskrywing van jou Instansie op All Venture Trading-sagteware te deregistreer of te weier.

2.2
Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, verlies of verantwoordelikheid van enige aard ook al wat voortspruit uit ons Deregistrering of weiering van die Inskrywing van jou Instansie op All Venture Trading-sagteware, of enige verlies van inligting wat deur jou voorsien is nie.

2.3
All Venture Trading behou die reg voor om akkommodasie-opsies in enige volgorde aan die Kliënte te vertoon. Die kriteria waarvolgens ons jou Inskrywing in All Venture Trading-sagteware orden of posisioneer hoef nie deursigtig te wees nie, en mag enige tyd sonder kennisgewing verander.

2.4
jou Inskrywing mag langs enige ander media en/of inhoud, insluitend baniere en advertensies van enige produk vertoon word. Jy is nie geregtig op enige inkomste wat uit die genoemde advertering voortgebring word nie.

2.5
All Venture Trading mag hiperskakels na enige ander Internetadresse op jou Inskrywing en enige ander plek op All Venture Trading-sagteware publiseer. Hierdie hiperskakels se bestemming mag binne of buite All Venture Trading-sagteware wees.

3. DEREGISTREER

3.1
All Venture Trading mag enige tyd, sonder kennisgewing, volgens sy eie diskresie, en eensydig, jou Instansie van ons Sagteware Deregistreer.

3.2
Indien jy versoek dat jou Instansie Gederegistreer word van ons sagteware, sal All Venture Trading jou Instansie binne vyf werksdae deregistreer.

3.3
Jy beskik nie oor die eksplisiete of implisiete reg om jou Instansie op All Venture Trading se stelsel Geregistreer te hê nie. Dit geld ongeag enige voorafgaande verhouding, registrasietydperk, aantal kliënte wat verwys is, betalings wat gemaak is, potensiële effek op jou besigheid of enige ander faktor.

3.4
Jy sal geen verhaalreg hê op All Venture Trading of enige verwante party indien jy Gederegistreer word nie.

3.5
Alhoewel ons jou om welke rede ook al mag Deregistreer, of dit nou ooreengekom is met jou of nie, voorsien ons ’n nie-volledige lys van redes vir Deregistrasie:
- Onregverdige diskriminasie teen Kliënte
- Swak diens
- Slegte waarde vir geld
- Onvermoë om ’n sekuriteitstoets te slaag
- As jy ons geld skuld
- Slegte publisiteit in verband met jou Instansie

3.6
All Venture Trading hoef nie enige rede te gee waarom jou Instansie Gederegistreer is nie.

3.7
Indien jou Instansie Gederegistreer word, sal die regte en verpligtinge van alle partye onder die bepalings van hierdie ooreenkoms voortduur.

3.8
Wanneer jou Instansie Gederegistreer word, duur die regte van enige Kliënte wat reeds via All Venture Trading-sagteware bekendgestel is, voort.

3.9
Wanneer jou Instansie Gederegistreer word, behou All Venture Trading die reg voor om enige van jou Inhoud te gebruik vir enige bemarkingsmateriaal wat reeds ontwerp is of advertensieruimte wat alreeds aangekoop is.

3.10
Wanneer jou Instansie Gederegistreer word, behou All Venture Trading die reg voor om jou Inhoud in All Venture Trading-sagteware te behou, en om jou Inskrywing aan Kliënte te vertoon wat alreeds in die verlede navrae of besprekings by jou Instansie gemaak het.

4. JOU INHOUD

4.1
Ons behou die reg voor om jou Inskrywing enige tyd in ooreenstemming met beste praktyke op die All Venture Trading-sagteware aan te pas. Dit word nie van ons vereis om jou in kennis te stel van sodanige aanpassings nie.

4.2
Jy waarborg dat jou Inhoud (insluitend maar nie beperk nie tot teks en foto’s) oorspronklik is en dat jy die reg het om dit vir bemarkingsdoeleindes te gebruik.

4.3
Jy waarborg dat niks van jou Inhoud op enige manier die kopiereg van enige derdeparty van enige aard enigsins deurbreek of skend nie, en hiermee vrywaar jy ons teen enige en alle eise deur derdepartye ten opsigte van enige breuk of beweerde breuk van intellektuele eiendomsreg as gevolg van jou Inhoud.

4.4
Deur jou Inhoud op te laai, gee jy vir ons toestemming om ewigdurend gebruik te maak van hierdie inhoud om enige rede insluitend, maar nie beperk nie tot, die adverteer of bevordering van jou Inskrywing, advertering of bevordering van enige toerismebestemmings,

advertering of bevordering van All Venture Trading-sagteware, of advertering of bevordering van enige handelsmerke in besit van All Venture Trading-sagteware of vennote van All Venture Trading. Hierdie reg sal hierdie ooreenkoms oorleef.

4.5
Jy gee ons die reg om jou Inhoud aan te pas. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, geknipte foto's, beskrywings wat oorgeskryf word en vertalings, en om hierdie aangepaste inhoud op jou Instanskrywing te vertoon. Jy besit nie hierdie aangepaste inhoud nie en mag hierdie aangepaste inhoud nie sonder ons skriftelike toestemming gebruik nie.

4.6
Ons mag jou Inhoud in enige media, insluitend, maar nie beperk nie tot, sosiale media, gedrukte media en televisie sonder kennisgewing gebruik.

4.7
Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, verlies of verpligting van enige aard wat voortspruit uit enige onopsetlike misbruik van jou Inhoud nie.

5. KORREKTHEID VAN JOU INHOUD

5.1
Jy onderneem om te verseker dat jou Inhoud jou Instansie akkuraat uitbeeld, asook om ons in kennis te stel van enige wesenlike veranderinge aan jou Instansie wat relevant sal wees vir All Venture Trading en/of Kliënte wat deur All Venture Trading bekendgestel.

5.2
Jy onderneem om te verseker dat al jou Inhoud korrek is en deurentyd hersien word, insluitend, maar nie beperk nie tot, die beskrywing van jou tariewe, beskikbaarheid, en beskikbare dienste nie.

5.3
Wanneer die bestuur of eienaarskap van jou Instansie verander, is dit jou verantwoordelikheid om All Venture Trading daarvan in kennis te stel.

5.4
Indien jy versuim om jou Inhoud huidig en op datum te hou, behou ons die reg tot jou Inhoud voor om die toestand van jou Instansie te weerspieël.

5.5
As jy gebruik maak van 'n derdeparty-beskikbaarheidsverskaffer wat met All venture Trading-sagteware geïntegreer is, mag All Venture Trading aanneem dat die data wat ons oor jou Instansie van hierdie verskaffer verkry altyd akkuraat en op datum is. Jy sal aanspreeklik wees vir enige probleme wat ontstaan as gevolg van inligting wat ons van hierdie verskaffer ontvang wat nie op datum is nie of onakkuraat is.

5.6
All Venture Trading sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, verlies, of verpligting van enige aard wat voortspruit uit enige wanvoorstelling deur jou nie.

7. RESENSIES

7.1
All Venture Trading mag gaste se opmerkings en/of resensies oor of in verband met jou Inskrywing publiseer.

7.2
All Venture Trading is nie op enige manier verantwoordelik of aanspreeklik vir die bevestiging van die akkuraatheid van hierdie opmerkings van gaste wat gepubliseer word nie.

7.3
All Venture Trading sal nie aanspreeklik wees vir enige direkte of indirekte verlies of skade van enige aard en wat op welke manier ook al voortspruit uit gaste se opmerkings oor of in verband met jou Inskrywing wat gepubliseer word nie.

8. NAVRAAG-KWOTASIE-BESPREKINGS

8.1
Indien 'n kwotasie gestuur word, vorm dit 'n wetlike aanbieding deur jou wat aanvaar of afgekeur kan word deur die Kliënt.

8.2
Elke kwotasie word met 'n spesifieke vervaldatum gestuur en kan gedurende die tydperk voor die vervaldatum deur die Kliënt aanvaar word. As die Kliënt die kwotasie voor die vervaldatum aanvaar, bestaan daar 'n bindende kontrak tussen jou en die Kliënt.

8.3
Totdat 'n Kliënt 'n voorneme aandui om 'n kwotasie te aanvaar deur die bespreking "voorlopig te bevestig" op All Venture Trading-sagteware, word dit nie van jou vereis om die beskikbaarheid eksklusief vir daardie Kliënt te hou nie. Gedurende die tydperk voor die voorlopige bevestiging deur die Kliënt, sal dit vir jou moontlik wees om die kwotasie te onttrek.

8.6
Sodra 'n Kliënt die voorneme om te betaal bevestig deur "voorlopig te bevestig" op die All Venture Trading-sagteware, sal All Venture Trading jou hiervan inlig, en hierna word daar van jou vereis om die gekwoteerde akkommodasie eksklusief vir die Kliënt uit te hou. Nadat daar "voorlopig bevestig is", sal die meeste van die Kliënte voortgaan en betaal. As 'n Kliënt egter nie die deposito voor die vervaldatum wat in jou aanbod gespesifiseer is betaal nie, het die kwotasie verval en word dit outomaties onttrek.

8.7
Die bespreking is bevestig wanneer die Kliënt All Venture Trading betaal deur middel van 'n kredietkaart, elektroniese fondsoorplasing ("EFT"), 'n ander betalingsmetode of wanneer All venture trading om bewys van sodanige betaling ontvang.

9. KITSBESPREKINGS

9.1
Indien jy van derdeparty-sagteware gebruik maak wat met All Venture Trading-sagteware geïntegreer is, sal Kliënte kan sien of jou Instansie op daardie spesifieke oomblik op All

Venture Trading-sagteware beskikbaar is, en dan sal dit vir hulle moontlik wees om kitsbesprekings by jou Instansie via All Venture Trading-sagteware te maak.

9.2
All Venture Trading mag aanneem dat die beskikbaarheidsinligting en tariefinligting wat ons van derdeparty-beskikbaarheidsagtware ontvang, altyd korrek en op datum is. Jy sal aanspreeklik wees vir enige probleme wat voortspruit uit verouderde of onakkurate inligting wat ons ontvang van die genoemde derdeparty.

9.3
ʼn Kitsbespreking is bevestig wanneer ʼn Klient All Venture Trading betaal deur middel van ʼn kredietkaart, elektroniese fondsoorplasing, ʼn ander betalingswyse of wanneer All Venture Trading bewys van sodanige betaling ontvang.

9.4
Wanneer die bespreking bevestig is, sal All Venture Trading jou daarvan inlig deur ʼn e-pos aan jou te stuur. Ons sal ook daarna streef om die bespreking in derdeparty-beskikbaarheidsagteware as bevestig aan te teken.

9.5
Indien All Venture Trading, om welke rede ook al, nie die bespreking op die derdeparty-beskikbaarheidsagteware as bevestig kan aanteken nie, sal jy steeds verplig wees om die bespreking na te kom, mits ons betyds e-pos-bevestiging daarvan aan jou gestuur het.

10. BETALINGS

10.1
Hiermee stel jy All Venture Trading aan as jou agent, geregtig om betalings namens jou, met betrekking tot enige besprekings by jou Instansie wat gemaak is via All Venture Trading-sagteware, te ontvang. Hierdie betalings sluit besprekingsdeposito's wat deur jou vereis word, in, of enige ander betaling, insluitende balansbetalings, wat die Kliënt in verband met hulle bespreking by jou Instansie aan All Venture Trading betaal.

10.2
Vir sulke betalings kom jy ooreen om te aanvaar dat die Kliënt enige bedrag betaal het waarvan All Venture Trading melding gemaak het.

10.3
As jy ʼn deposito van minder as 100% op All Venture Trading-sagteware vereis, is dit jou verantwoordelikheid om enige addisionele bedrag wat die Kliënt nog verskuldig is, in te vorder.

10.4
All Venture Trading sal alle bedrae wat ons vanaf die Kliënt invorder, aan jou oorbetaal, onderhewig aan die aftrekkings wat elders in hierdie ooreenkoms gespesifiseer word.

10.5
All Venture Trading behou die reg voor om enige bedrae wat die Kliënt namens jou aan ons betaal het, te weerhou tot 7 dae nadat die Kliënt by jou Instansie uitgeklok het. Dit stel ons in staat om seker te maak dat die Kliënt se Bevredigende Verblyf (soos gedefinieer in klousule 1.14).

10.6
Alhoewel All Venture Trading gereeld die bedrae wat ons namens jou van die Kliënt ontvang het aan jou betaal kort nadat ons dit ontvang het, sal hierdie toegeeflikheid in die toepassing van ons reg wat in die bogenoemde sub-klousule gespesifiseer is, nie afbreuk doen aan ons reg om dit in die toekoms toe te pas nie.

10.7
Dit is jou verantwoordelikheid om jou korrekte bankbesonderhede aan All Venture Trading te voorsien, asook die bewys daarvan indien ons dit aanvra. In geval van ’n verandering van eienaarskap of bankrekening, moet jy All Venture Trading onmiddellik dienooreenkomstig in kennis stel. All Venture Trading sal nie verantwoordelik wees vir betalings wat in ’n verkeerde rekening gemaak is as ons nie vroegtydig van die verandering van bankbesonderhede in kennis gestel is nie.

10.8
Hiermee stem jy in dat sekere oorbetalings van ons aan jou vertraag mag wees as gevolg van onvoorsiene omstandighede, insluitende besige gebruikerstydperke wat aanlyn-bankdienste onbruikbaar maak, of situasies waar ’n Kliënt se tevredenheid met verblyf onder geskil is, of in situasies waar die besonderhede oor die bedrag wat aan jou verskuldig is onder geskil is, of waar ons nog nie jou bankbesonderhede of voldoende bewys daarvan ontvang het nie.

10.9
All Venture Trading mag enige bedrae wat jy aan All Venture Trading verskuldig is, om welke rede ook al, aftrek van enige bedrae wat All Venture Trading aan jou skuld, insluitend, maar nie beperk nie tot, ons kommissie wat op enige besprekings verdien is, of terugbetalings wat ons namens jou aan Kliënte gemaak het.

10.10
All Venture Trading mag die Kliënt vir addisionele fooie in verband met die dienste wat ons gelewer het om hulle by te staan met hul akkommodasiebespreking by jou Instansie debiteer. Jy sal geen aanspraak hê oor enige fooie vir addisionele dienste of om ander redes wat aan All Venture Trading betaal is nie.

10.11
Tensy die besprekingsbesonderhede wesenlik aangepas is, sal die Kliënt nie daarvoor verantwoordelik wees om enige bedrag buiten die Volle Besprekingswaarde aan jou te betaal nie, behalwe addisionele opsionele ekstra items of dienste wat hulle by jou mag aankoop gedurende of voor hul verblyf.

11. KOMMISSIE

11.1
Jy stem in om kommissie te betaal op enige besprekings by jou Instansie deur Kliënte wat deur All Venture Trading of via All Venture Trading-sagteware aan jou Instansie voorgestel is.

11.2
Ons hef ’n nie-terugbetaalbare kommissie van 10% (BTW uitgesluit) op die Totale Besprekingswaarde omdat ons die bespreking moontlik gemaak het of die kliënt bekendgestel het. Indien daar op enige ander bedrag as 10% van die totale besprekingswaarde ooreengekom word, moet dit skriftelik of met behulp van All Venture Trading se sagteware of direkteure gedoen word.

11.3
BTW sal by die genoemde kommissie bygevoeg word waar van toepassing.

11.4
All Venture Trading sal die kommissie op grond van die Volle Besprekingswaarde bereken en sal ’n belastingfaktuur vir die genoemde kommissie aan jou uitreik. Die tydsberekening van die faktuur sal saamval met die tydstip waarop die bankdeposito betaal is. Jy kan hierdie faktuur aan die einde van die maand deur middel van epos aanvra.

11.5
Indien ons kommissie vir ’n sekere bespreking om enige rede aangepas word, insluitend omrede kansellasies of besprekingsaanpassings, sal ons aanpassingsbelastingfakture of debietnotas uitreik, wat ook al die geval mag wees. Die tydsberekening hiervan sal met die tydstip wanneer die kansellasie of aanpassing gemaak is, saamval.

11.6
Hiermee stem jy in dat jy nie die All Venture Trading-sagteware sal systap wanneer jy met enige Kliënt te doen het wat deur All Venture Trading aan jou voorgestel is nie. Enige kommunikasie tussen jou en enige Kliënte deur middel van All Venture Trading-sagteware/platvorms moet via All Venture Trading-sagteware/platvorms of via All venture Trading-personeel gedoen word totdat die Kliënt die deposito vir ’n bespreking by jou Instansie betaal het. Indien hierdie proses gesystap word, en die Kliënt by jou Instansie bespreek, sal jy steeds aanspreeklik wees vir ons kommissie op die Volle Besprekingswaarde van die bespreking.

11.7
Indien jou Instansie BTW-geregistreer is, is dit jou verantwoordelikheid om ’n belastingfaktuur vir die Volle Besprekingswaarde vir die verblyf by jou Instansie aan die Kliënt uit te reik, tensy All Venture Trading jou in kennis gestel het dat ons die faktuur namens jou sal uitreik soos in die sub-klousule hier onder beskryf.

11.8
Jy verleen All Venture Trading, as jou agent, die reg om namens jou Belastingfakture aan Kliënte uit te reik deur gebruik te maak van ons BTW-besonderhede. All Venture Trading sal jou altyd in kennis stel as ons dit doen, en sal al sulke fakture aan jou stuur. In sulke gevalle moet jy nie self ’n faktuur aan die Kliënt stuur nie, en as jou Instansie BTW-geregistreer is, moet jy steeds die afvoer-BTW wat genoem word in die fakture wat ons aan jou stuur, in ooreenstemming met Artikel 54 (1) van die Suid-Afrikaanse Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, verklaar.

11.9
Jy stem in dat jy nie All Venture Trading se kommissie aan ’n Kliënt bekend sal maak of vertoon nie. Dit moet, byvoorbeeld, nie op enige staat of faktuur wat jy aan die Kliënt voorsien, vertoon word nie.

12. LEWERING

12.1
Hiermee stem jy in om besprekings wat deur All Venture Trading as “bevestig” aangemeld is, na te kom of jy nou die gepaardgaande betalings ontvang het al dan nie.

12.2
Wat jou betref geskied lewering wanneer ’n Kliënt die akkommodasie wat bespreek is fisies

beset het en Bevredigende Verblyf (soos gedefinieer in klousule 1.14) beleef het.

13. NIE-LEWERING

13.1
Nie-lewering geskied as 'n Kliënt nie Bevredigende Verblyf (soos gedefinieer in klousule 1.14) by jou Instansie beleef het nie.

13.2
Verwagte nie-lewering geskied as All Venture Trading redelikerwys verwag dat nie-lewering vir 'n toekomstige bespreking mag plaasvind. Verwagte nie-lewering word vir alle doeleindes in hierdie kontrak as nie-lewering beskou.

13.3
Voorbeelde van nie-lewering sluit in, maar is nie beperk nie tot, die volgende:
- Enige verblyf waar die Kliënt Onbevredigende Verblyf (soos gedefinieer in klousule 1.14) beleef het.
- Gevalle waar jou Instansie wesenlik wanvoorgestel is of vals geadverteer is op All Venture trading-sagteware.
- Gevalle van dubbelbespreking waar jy nie die Kliënt se verblyf presies soos gespesifiseer in hulle bespreking kan nakom nie.
- Eensydige kansellasie van jou kant af, of as jy weier om die bespreking na te kom.
- Gevalle waar die Kliënt se bespreking nie deur die nuwe eienaar of bestuur van jou Instansie nagekom word nie, of omdat jou Instansie nie meer in bedryf is nie.
- Gevalle waar dit nie vir All Venture Trading of die Kliënt moontlik is om jou te kontak met die kontakbesonderhede wat jy voorsien het nie.
- Onvoldoende of foutiewe inligting oor die wyse waarop toegang tot jou Instansie verkry word met aankoms wat aan die Kliënt voorsien word.

13.4
Voorbeelde van verwagte nie-lewering sluit in, maar is nie beperk nie tot:
- All Venture Trading verloor vertroue in jou vermoë om voortdurend 'n goeie ervaring aan te bied.
- Slegte publisiteit in verband met jou Instansie.
- 'n Natuurramp in of naby jou streek.
- As All Venture Trading vermoed jou Instansie is bedrieglik.

13.5
In geval van 'n nie-gelewerde bespreking, kan die Kliënt kies om 'n volledige terugbetaling of, indien die verblyf nog nie voltooi is nie, 'n plaasvervangingsbespreking vir daardie nagte wat nog nie gebruik is nie, te ontvang.

13.6
Gevalle van nie-lewering is nie onderhewig aan jou gewone kansellasiebeleid nie.
- Jy sal aanspreeklik wees vir enige bedrae wat alreeds aan jou betaal is vir die nie-gelewerde bespreking.
- Jy sal enige bedrae wat op daardie oomblik aan jou verskuldig is vir die nie-gelewerde bespreking, verbeur.
- All Venture Trading behou die reg om jou te faktureer vir die kommissie op die Volle Besprekingswaarde van 'n nie-gelewerde bespreking.

13.7

In die geval waar ’n Kliënt All Venture Trading kies om ’n plaasvervangerbespreking in die hande te kry as gevolg van nie-lewering van jou kant af, sal All Vneture Trading daarna streef om ’n plaasvervangerbespreking op te spoor wat aan Kliëntverwagting voldoen. Jy erken dat dit in sekere gevalle, veral gedurende die hoogseisoen, ’n plaasvervangerbespreking tot gevolg sal hê wat aansienlik meer kos as die Volle Besprekingswaarde. Jy sal teenoor All Venture Trading aanspreeklik wees vir die verskil in koste tussen die Volle Besprekingswaarde van die nie-gelewerde bespreking en die plaasvervangerbespreking vir dié nagte wat vervang is.

14. KANSELLASIES ONDERHEWIG AAN JOU BEPALINGS

14.1
Wanneer ’n Kliënt ’n bespreking kanselleer, sal jy daarvoor aanspreeklik wees om die bedrag soos bereken volgens die Toepaslike Kansellasiebeleid vir daardie bespreking aan hulle terug te betaal.

14.2
Die laaste kansellasiebeleid wat jy in verband met hul bespreking aan die Kliënt voorgelê het voor hulle die bespreking bevestig het, word die Toepaslike Kansellasiebeleid vir daardie bespreking, of jy nou die beleid via All Venture Trading-sagteware, derdeparty-beskikbaarheidsagteware, boodskappe, e-posse, of verbaal voorgelê het.

14.3
Wanneer jy ’n meer gunstige kansellasiebeleid aan die Kliënt voorlê nadat die bespreking reeds bevestig is, sal daardie meer gunstige kansellasiebeleid die Toepaslike Kansellasiebeleid vir daardie bespreking word. Jy sal verbind wees tot hierdie nuwe kansellasiebeleid, selfs retrospektiewelik, ongeag of dit voorgelê is voor of na die bespreking gekanselleer is en ongeag of jy dit via All Venture Trading-sagteware, derderparty-beskikbaarheidsagteware, boodskappe, e-posse, of verbaal voorgelê het.

14.4
Die Toepaslike Kansellasiebeleid van ’n spesifieke bespreking is net van toepassing op die deposito bedrag wat deur jou versoek is. Enige aspek van die Toepaslike Kansellasiebeleid wat addisionele betalings buiten die depositobedrag vereis, is ongeldig. Selfs in die geval waar ’n gas nie opdaag nie, kan niks meer as die vereiste deposito aan jou verskuldig wees nie.

14.5
Jy stem in dat enige addisionele bedrag, bo en behalwe die vereiste deposito, wat deur die Kliënt betaal is, 100% terugbetaalbaar is met kansellasie. Dit geld nie vir enige betalings wat gemaak is met betrekking tot enige nagte wat alreeds by die Instansie deurgebring is nie.

14.6
Jy stem in dat enige dubbelsinnigheid in die Toepaslike Kansellasiebeleid met betrekking tot enige bespreking altyd tot voordeel van die Kliënt geïnterpreteer sal word.

14.7
All Venture Trading behou die reg voor om al die kommissie te behou wat ons op enige gekanselleerde bespreking verdien het.

14.8
Alhoewel All Venture Trading dikwels sal besluit om die kommissie wat ons op ’n gekanselleerde bespreking in ooreenstemming met die Toepaslike Kansellasiebeleid van

daardie bespreking te pro rata, sal hierdie toegeeflikheid in die toepassing van ons reg om alle kommissie wat op enige gekanselleerde bespreking verdien is te behou, nie afbreuk doen aan ons reg om dit in die toekoms toe te pas nie.

15 TERUGBETALINGS AAN KLIËNTE

15.1
Daar is geleenthede waartydens die Kliënt terugbetalings van bedrae wat hul vir hul bespreking by jou Instansie betaal het, verskuldig is. Hierdie terugbetalings kan in geheel of gedeeltelik wees. Sulke terugbetalings kan verskuldig wees om verskeie redes, insluitend, maar nie beperk nie tot, kansellasies of besprekingsaanpassings.

15.2
Wanneer 'n terugbetaling aan 'n Kliënt verskuldig is, sal All Venture Trading, die vereiste gedeelte van die deposito of balansbetalings wat die Kliënt vroeër betaal het namens jou terugbetaal.

15.3
Vir daardie bedrae wat die Kliënt direk aan jou vir hul bespreking betaal het, insluitend, maar nie beperk nie tot, balansbetalings en betalings vir opsionele ekstras, sal jy die vereiste gedeelte van hierdie bedrae direk aan die Kliënt terugbetaal, tensy dit met All Venture Trading gereël is dat ons hulle namens jou terugbetaal.

15.4
Vir alle bedrae wat All Venture `trading aan die Kliënt terugbetaal, behou ons die reg om hierdie bedrae by jou in te vorder, in die mate wat jy dit voor die tyd ontvang het, hetsy van ons of direk van die Kliënt.

15.5
Enige bedrag wat jy aan All Venture Trading of die Kliënt verskuldig is as gevolg van 'n kansellasie of 'n besprekingsaanpassing is onmiddellik betaalbaar.

15.6
All Venture Trading mag enige aksie onderneem om onbetaalde skuld van jou te verhaal, insluitend, maar nie beperk nie tot, die aftrek van jou skuld van ander bedrae wat ons jou skuld, Deregistrasie van jou Instansie, die indiensneming van 'n skuldinvorderingsagentskap of die plasing van jou op die swartlys in die bedryf. In sulke omstandighede kan rente retrospektiewelik toegepas word op enige uitstaande bedrae teen 'n koers van 5 persentasiepunte bo prima-uitleenkoers.

16 BEDRIEGLIKE TRANSAKSIES EN VALS BETALINGS

16.1
Jy erken dat, in geval van 'n Kliënt wat 'n bedrieglike kredietkaartbetaling maak, 'n bedrieglike bankdeposito, 'n bedrieglike bewys van betaling of wanneer 'n Kliënt se betaling om welke rede ook al deur die bank of enige ander agentskap omgekeer word, All Venture Trading se verantwoordelikheid beperk is tot die verbeur van enige kommissie wat All venture Trading op die bespreking verdien het en dat jy verantwoordelik is vir die terugbetaling van enige betaling wat jy ontvang het in verband met die bespreking, ongeag die Toepaslike Kansellasiebeleid vir daardie bespreking. Hierdie bedrag moet onmiddellik aan ons

terugbetaal word wanneer ons jou in kennis stel dat die betaling omgekeer is uit ons bankrekening.

16.2
Wanneer All Venture Trading ’n bespreking bevestig op grond van ’n verwagting om betaling van ’n Kliënt te ontvang of daarop aanspraak maak dat betaling van ’n Kliënt ontvang is, maar daardie aanspraak of verwagting vals is, aanvaar jy dat All Venture Trading die betrokke bespreking kan kanselleer sonder boete. Jy sal glad nie aanspraak kan maak in verband met so ’n kansellasie nie, selfs al het die verblyf alreeds plaasgevind.

## 17 DIE BEDRYF VAN JOU INSTANSIE

17.1
All Venture Trading aanvaar nie op enige manier verantwoordelikheid vir die bestuur van jou Instansie nie.

17.2
Dit is alleenlik jou verantwoordelikheid om:
- Gehoor te gee aan wette en/of bywette wat van toepassing mag wees op jou Instansie
- Jou Instansie voldoende en akkuraat te verseker.
- ’n Agtenswaardige besigheid in verband met jou Instansie te bedryf wat All Venture Trading en All Venture Trading se handelsmerke goed verteenwoordig.
- Te alle tye bereikbaar te wees. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat alle e-posse van “gardenrouteeliteescapes.co.za/.com” en sy verwante webtuistes deur jou e-pos-sagteware gewitlys word (met ander woorde, om seker te maak dat ons e-pos nie in jou ”rommel”-lêer beland nie).

17.3
Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat in geval van nuwe bestuur of eienaarskap van jou Instansie, die nuwe eienaar of bestuurder hierdie ooreenkoms asook enige bestaande besprekings wat via All Venture trading gemaak is, sal eerbiedig. Maar jy sal wel aanspreeklik bly in terme van hierdie ooreenkoms.

## 18 GEAFFILIEERDE VENNOOTSKAPPE

18.1
All Venture Trading mag, van tyd tot tyd, vennootskappe aangaan met ander webtuistes, toepassings (“apps”) of maatskappye met die doel om, maar nie beperk nie tot, eiendomme wat op All Venture Trading-sagteware geregistreer is.

18.2
All Vneture Trading mag, volgens All Venture Trading se eie diskresie, alle regte aan hierdie vennote gee.

18.3
All Vneture Trading is onder geen verpligting om jou oor enige vennootskappe wat All Vneture Trading aangegaan het, in te lig nie, of om jou in te lig as jou Inhoud met ’n vennoot gedeel word nie, of om spesifiek aan te teken watter navrae of besprekings deur ’n vennoot voorgestel is nie.

18.4

All Venture Trading sal nie aanspreeklik wees vir enige aksies van geaffilieerde vennote, insluitend in verband met jou Inhoud.

19 BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

19.1
Jy onderneem om enige persoonlike inligting wat deur All Venture Trading aan jou voorsien word volgens ten minste die standaard wat deur Suid-Afrika se Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting van jou vereis word, en enige ander toepaslike wetgewing, te beskerm.

19.2
Jy onderneem dat jou ouditprosedures, deurlopende kontrolering van stelsels, veilige verwydering van data en jou tegniese en organisatoriese sekuriteitstandaarde ten minste die standaard wat deur Suid-Afrika se Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting van jou vereis word, en enige ander toepaslike wetgewing, handhaaf.

19.3
Jy onderneem om All Venture Trading so gou moontlik, en nie meer as 24 uur ná jy van die oortreding bewusgemaak is nie, by by admin@gardenrouteeliteescapes.co.za oor enige vermoedelike skending van persoonlike inligting wat deur All Venture Trading voorsien is, in te lig.

20 GESAGHEBBENDE REKORD

20.1
All Venture Trading se (outomatiese en "manual") rekord sal geld in enige geskil oor bespreking, kommunikasie of transaksies. All Venture Trading mag enige sulke rekords sonder vooroordeel aanpas wanneer ons in kennis gestel word van enige spekulatiewe, onbehoorlike of bedrieglike rekords.

21 VERANDERING VAN OOREENKOMS

21.1
Hierdie ooreenkoms, of enige gedeelte daarvan, mag enige tyd na 'n kennisgewingstydperk van 48 uur wat begin sodra All Vanture Trading jou e-pos by die e-posadres wat jy voorsien het met ''n kopie van die nuwe ooreenkoms of 'n skakel na die nuwe ooreenkoms, verander. Na hierdie kennisgewingstydperk aanvaar ons dat jy ingestem het tot die nuwe ooreenkoms en jy sal daarna kontraktueel verbind wees tot die nuwe ooreenkoms, tensy jy aktief jou Instansie Gederegistreer het van All Venture Trading-sagteware voor die vervaldatum van die genoemde kennisgewingstydperk.

22 VRYWARING EN BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

22.1
Tensy anders aangedui in hierdie ooreenkoms, sal All Venture trading nie aanspreeklik wees

vir enige direkte of indirekte verlies of skade wat jou mag oorkom as gevolg van die gebruik van All Venture Trading-sagteware deur enige party, wat hoe ook al en op watter manier ook ontstaan nie.

22.2
Hiermee vrywaar jy ons teen enige eis vir verlies of skade as gevolg van jou Inskrywing, hetsy direk teen ons of teen jou en ons, sover dit verband hou met jou Inhoud of die skakels op jou Inskrywing.

22.3
In die geval dat, nieteenstaande die oorblywende bepalings van hierdie ooreenkoms, ons tot jou aanspreeklik is vir enige skade, is hierdie aanspreeklikheid beperk tot 'n maksimum van die kommissie wat jy aan ons betaal het.

23 TEENSPRAAK VIR ALGEMENE GEBRUIK VAN SAGTEWARE

23.1
All Venture Trading-sagteware word besit en bedryf deur All Venture Trading. Alle databasisse, inligting en stelsels is All Venture Trading se eiendom.

23.2
All Venture Trading en enige agente van All Vanture Trading se agente of verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, verlies, of verantwoordelikheid van welke aard ook al wat uit die onvermoë om All Venture Trading-sagteware of die dienste of inhoud wat van en deur All Venture Trading-sagteware voorsien word, voortspruit nie. Verder maak All Venture Trading geen vertoë en lewer geen waarborge, hetsy implisiet of andersins, dat die inhoud en tegnologie wat via All Venture Trading-sagteware beskikbaar is, onder andere, foutloos of sonder weglatings is of dat die diens ononderbroke of foutloos sal wees nie. Ons moedig jou aan om enige moontlike abnormale werking en foute aan admin@gardenrouteeliteescapes.co.za te rapporteer.

23.3
All Venture Trading-sagteware word voorsien "soos dit is" en is nie saamgestel of voorsien om te voldoen aan jou spesifieke behoeftes nie. Dit is alleenlik jou verantwoordelikheid om, voordat jy hierdie ooreenkoms met All Venture Trading aangaan, seker te maak dat die diens wat in en deur hierdie sagteware beskikbaar is, voldoen aan jou spesifieke behoeftes en dat dit versoenbaar is met jou hardeware en/of sagteware.

23.4
All Venture Trading-sagteware bevat inhoud en materiaal wat aan All Venture Trading gelisensieer is en in All Venture Trading se besit is. Hierdie materiaal sluit in, maar is nie beperk nie tot, die ontwerp, uitleg, styl, hoe dit vertoon en grafika, en mag onderhewig wees aan kopiereg en/of ander ontwerp- of intellektuele eiendomsreg. Jy mag nie hierdie inligting kopieer, dupliseer of gebruik nie, behalwe op die manier waarop ooreengekom is tussen ons en/of die reghouer, of in die mate waartoe hierdie gebruik bykomstig is tot jou gebruik van All Venture Trading-sagteware.

23.5
Ongemagtigde gebruik van All Venture Trading-sagteware mag skadevergoedingseise deur All Venture Trading tot gevolg hê en/of 'n misdryf wees.

23.6

Jou gebruik van All Venture Trading-sagteware en enige geskil wat uit hierdie gebruik voortspruit is onderhewig aan die wette van Suid-Afrika.

23.7
Ons onderneem om All Venture Trading-sagteware in stand te hou en dit sluit die registrasiediens, besprekingsdiens en enige tegnologie wat dit ondersteun in, maar ons sal nie aanspreeklik wees vir enige skade of verlies van enige aard as gevolg van bestaande foute wat opgespoor word, of wat van tyd tot tyd mag voorkom, in All Venture Trading-sagteware nie.

23.8
Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige direkte of indirekte verlies of skade van enige aard wat opgedoen word as gevolg van die indringing ("hacking") van All Venture Trading-sagteware, beplande of onbeplande onderbrekings of die aksies van diensverskaffers.

23.9
Hiermee vrywaar jy ons en hou ons skadeloos in verband met enige eis wat uit enige indringing ("hacking") of enige ander diensonderbreking voortspruit.